



TOULEIER: BUSRY IS OUKEI!

Uiteindelik, na weke wat soos maande gevoel het, sluit kamermaatjie haar by my aan. Sy het vir eers in Suid Sulawesi agtergebly om solank te kyk hoe die korporatiewe winde waai vir die Kanadese base.

Omkoopery in Indonesië is tweede natuur en mens kan net nie daar besigheid doen sonder dat een of ander amptenaar jou êrens in 'n blik gaan druk nie. Elke projekbegroting bevat enorme bedrae salfgeld. Daar kom egter 'n punt waar die gierigheid sekere grense oorsteek en dan skop een van die twee konkelaars vas. Hierdie siklusse is so voorspelbaar soos die seisoene en word ook ingewerk in die vooruitskattings. Die staking van bedrywighede terwyl die ongeskrewe reëls herskryf word, is soms lang uitgerekte affêres. Nie een wil bes gee en aansien verloor nie. Dit beteken ook baie keer afleggings. Geoloë is juis in sulke tye, hoogs verhandelbaar. Ons word mos dikwels gesien as nodige euwels en nie bekostigbaar in die lange duur nie. Mens maak maar vrede daarmee en sluit dit in by jou eie beplanning vir die toekoms. Kyk maar gedurig uit vir die volgende projek. Die Franse projekbestuurder tydens ons tydjie in die Lesotho water tunnels, het my een aand in die kroeg waardevolle raad gegee: *“Moenie langer as ses jaar op 'n projek werk nie. Doen jy dit nie, gaan jy altyd sukkel om by 'n volgende een in te kom”*. Ek hom geglo en hy is reg bewys in Katar.

“...so in die ry haal kamermaatjie al klaar haar heel nuutste Lonely Planet uit.”

Ek gaan haal Annabelle op Incheon internasionale lughawe. Baie netjies plek, glo die vyfde beste lughawe in die wêreld. Neem ook die bus soos wat Ralph my mooi geleer het. Als verloop glad en gou is ons weer op pad terug. Ek is verheug en vatterig terwyl sy weer haar verkyk aan die netjiese groen ingerygde landerye op ons pad na die Suide. Busry word toe sommer die inding vir ons twee hierna. Ons klim maklik sommer net op 'n plaaslike sirkelroetebus kyk dan waar hy orals gaan draai voordat ons dan later weer afklim daar waar ons opgeklim het. Dis goedkoop toer!

So in die ry haal kamermaatjie al klaar haar heel nuutste Lonely Planet uit. Die een oor Suid Korea. Dis haar tweede bybel. Sy skaf altyd vooraf een vir elke land waar ons gaan werk. Ook nog 'n paar ekstra oor plekke wat ons nog gaan besoek. Klaar 'n hele paar plekke gemerk waarheen ons moet gaan oor naweke. Klaar 'n paar sinsnedes geleer waarmee mens makliker in 'n nuwe en vreemde land soos hierdie, oor die weg kan kom.



Min het ons geweet dat ons twee se gebusryery ons nog baie duur te staan sou kom. Juis hier naby die einde van ons verblyf in Suid Korea. Vir nou was als egter nog heerlik en veilig en dit was heerlik om net te hoef sit en als om jou in te neem en te geniet. Soos die bus van stop na stop, dorp na dorp ry, kon ons van baie naby en baie persoonlik, die nuwe nasie se werkersklas aanskou. Tyd gaan staan stil. Jy drink die nuwe ondervinding in. Ons luister na die vreemde woordklanke en beleef saam die afwagting en dan die universele glimlag van ontmoeting tussen geliefdes. Ons kom

eers ou nag in Gyeongju aan (uitgespreek djong djoe). Ons tweetjies se nuwe tuiste in die vreemde verste Ooste. --

Hennie Greeff – Onrusrivier Noord.


Bakkiesboek Bakkerasies



BRIEWE BUS



Hennie,
Groetnis van Abbotsford in mooi Brits Columbië waar
ek nou aan die voet van 'n meer woon.
'n Ysmeer wat honderde duisende jare gelede
bestaan het, oor tyd verdwyn, en binne die bestek van
'n week, weer sy verskyning gemaak het.



Maryna Blomerus se dubbelgleuf-

eksperiment: 'n Eksistensiële kan vol wurms was heerlike leesstof. Dankie daarvoor.

Die aanname wat Wheeler maak, naamlik dat ons waarnemings die geskiedenis skep en dat die verlede dus nie kon bestaan sonder die waarnemer se bewussyn nie, is interessant en sou my langer aan die dink gehou het, had ek nie die ervaring van die afgelope twee weke se vinnige en ongelooflike oorstromings en vloede in ons vallei nie. (vervolg onder)

Dit laat my tot die gevolgtrekking kom dat Wheeler se teorie of baie naïef, of meer nog, vreeslik arrogant is. So al asof hy dink dat dit ons menslike bewussyn of gewaarwording is wat realiteit skep. Met die magtige vloed van water wat ons vallei binne ure ingestroom het, het ek weereens besef dat daar 'n Bewussyn is wat groter en magtiger is as wat ons mensies ooit kan bedink of droom.

So, dit was nie eers nodig om baie diep daaroor te dink nie Maryna, daar is dinge bo ons menslike verstand wat werklik is, en waarvoor ons nooit 'n verklaring sal kan kry nie. Eenvoudig gestel, dit is bo ons vuurmaakplek, ons mensdom het nie die vaardigheid of vermoë om alles wat gebeur te beskryf, of te bedink nie. En omdat ons dit nie kan doen nie, beteken dit nie dat dit nie bestaan nie.

Mooi loop,

Anna (Ansi) Dos Santos (MA. RPC. MPCC-S.)

Clinical supervisor, Prof. Art Therapist and Licensed Psychotherapist

Hierop antwoord Maryna:

Hallo Anna,

Ek is bly as jy het die dubbelgleuf-eksperiment gedeelte geniet het. Die eksperiment laat 'n mens bietjie buite die boks dink en dis altyd 'n interessante plek vir dinkwerk.

Oor jou gevolgtrekking dat Wheeler se teorie "of baie naïef, of meer nog, vreeslik arrogant is. So al asof hy dink dat dit ons menslike bewussyn of gewaarwording is wat realiteit skep."

Niemand wat die briljante dog nederige Wheeler geken het, sou hom arrogant of naïef genoem het nie. Hy het bloot die empiriese wetenskap voor hom geïnterpreteer. Die dubbelgleuf-eksperiment (en Wheeler) sê nie dat bewussyn realiteit skep nie; wel dat golwe in materie omskakel wanneer hulle waargeneem word. Dit beteken dat daar "iets" (golwe of inligting) was voordat bewussyn dit waargeneem het, maar in 'n ander "formaat" as die materie waarvan ons glo die wêreld gemaak is. Die wêreld materialiseer slegs as daar waarnemers is.

Hierdie interpretasie was die doodskoot vir materialisme en sy siening dat God 'n oorbodige hipotese is juis omdat dit bewussyn en Bewussyn - die geestes-realm - sentraal maak in die skepping. Dit is allermins die vyand van geloof in iets groter as ons.

Oor jou stelling dat "ons mensdom nie die vaardigheid of vermoë het om alles wat gebeur te beskryf, of te bedink nie. En omdat ons dit nie kan doen nie, beteken dit nie dat dit nie bestaan nie."

Ons weet inderdaad baie min. Waarskynlik ver minder as die min wat ons toegee. En tog het God ons met intellek en nuuskierigheid geseën waarmee ons die wêreld kan verken en goeters kan uitvind wat 'werk' en dit byvoorbeeld vir ons moontlik maak om hierdie gesprek via die internet te kan voer. Ons kan tog woeker met die bietjie wat ons het.

Alle waarheid behoort aan God, ook wetenskaplike waarheid. Dit is nie ons taak om ons idee van God en sy skeppingsdade te verdedig nie – die waarheid staan sy eie staan. Ek glo dat alle grondige logika en wetenskap na God lei, maar dalk nie die God van die Kinderbybel nie. God is kompleks. Waarheid is kompleks. En ja, Hy is inderdaad bo-logies, maar dis geen verskoning om Hom nie ook via die wetenskap en logika te probeer ken nie. En 'n mens kan nie jou eie wetenskap opmaak nie. Jy moet, soos Wheeler, sin maak van wat die natuur omtrent homself openbaar. Dis nie arrogant of naïef nie.

Vriendelike groete uit die Kaap van Goeie Hoop.

Maryna Blomerus



My vrou het vir haar ma gaan kuier.


Voor sy weg is, raai sy my aan om 'n hoender te gaan koop om vir my toebroodjies te maak. Die bleddie hoender loop en beskuit die hele huis en maak soos in NIKS toebroodjies nie!



Giggels



**Die Soektog na die
Virus duur Voort!**





Die Weermag het mos range vir die verskillende vlakke van bevel en mens moes die meerderes met die regte rang aanspreek of jy is gestuur om die riooldamme te roer.

Ek was aan die begin tagtiger jare verantwoordelik vir die oorhoofse bestuur van Waterwese se bedryfspunte in die “Operasionele Gebied” in Owambo in die noorde van Namibië. Ek het gewoonlik van Windhoek na Ondangwa met ‘n gehuurde Cessna 310 gevlieg en ook my uniform saamgevat, want dit was makliker om met ‘n Genie Korps uniform aan by militêre basisse in te kom om die waterinstallasies te “inspekteer” of wanneer ek ook sommer by ons Burgermag genie-eenheid wou gaan kyk wat ons diensplig manne doen. Wanneer ek weer moes terug na Windhoek, het ek gewoonlik eers by die Oorlog gaan navraag doen of daar nie plek op ‘n vliegtuig na Windhoek is nie, dan hoef Waterwese nie ‘n vliegtuig vir my te huur nie.

Ek het so ‘n 60 x 40cm koffertjie gebruik vir my klere en toiletgoed. Op die deksel was ‘n papiertjie vasgeplak met die woorde: KAPT HEYNS. Ek was op daardie stadium die 2IB (tweede in bevel) van 91 Genie Eskadron in die Suidwes-Afrika Gebiedsmag (SWAGM)

So gebeur dit toe dat my navraag vir ‘n vlug van Wamboland na Windhoek suksesvol is. Daar is ‘n Flossie wat via Grootfontein na Pretoria op pad is om troepe terug te neem na die RSA en dan haal ek op Grootfontein ‘n ander vlug van 1 SWA Eskader se “boerevlieëniers” na Windhoek. Baie boere het hul eie vliegtuie gehad en was deel van die Burgermag Eskader wat vir skakelwerk gebruik was om byvoorbeeld bevelvoerders van Burgermageenhede na hul eenhede in die Operasionele gebied te vlieg, want die vliegtuie kon op enige grondaanloopbaan land. Hulle was ook gebruik om van hul plase op te styg om terroriste tydens hakkejag operasies te help soek.

“..my ou koffertjie word toe onder die hoop goed uitgegrawe..”

Ek word op Ondangwa lughawe afgelaai deur die Waterwese Beheerbeampte en is natuurlik in my uniform op die militêre vlug. Ek gee my koffertjie by die laaimeester af en verduidelik dat ek van Grootfontein na Windhoek vlieg en nie na Pretoria toe nie. Toe ons voor opstyg na die vliegtuig stap, sien ek dat die agterklap van die Hercules C-130 oop is en die 80+ troepe se uitrusting is op ‘n hoop onder ‘n net vasgewoel op die agterklap. Ek vra die laaimeester waar hy my koffertjie gesit het, want dit moet mos op Grootfontein aflai word en behoort bo-op die ander goed vasgewoel te wees sodat mens dit maklik in die hande kan kry. Gelukkig het ek gevra, want my ou koffertjie word toe onder die hoop goed uitgegrawe en op my orders só vasgemaak dat die “KAPTEIN HEYNS” baie duidelik gesien kan word.

Die vliegtuig was nie ‘n Lugmag Hercules nie, maar ‘n vliegtuig van Safair wat onder kontrak die binnelandse vlugte gedoen het om die militêre Flossies los te hou vir noodsaaklike operasionele take.

Ons land op Grootfontein en vier van ons (almal offisiere) klim af. Die korporaal wat ons kom oplaai, neem ons na die aankomskamer en gee die koffers terug, maar myne is nie daar nie. Ek trek rang en order die korporaal om terug na die vliegtuig te ry, want daar is geen manier wat ek ooit weer my ou koffertjie sal sien as hy eers Pretoria toe gevat word nie. Ons jaag teen “tempo hewig” op my orders terug na die vliegtuig en die vier motore is reeds aangeskakel toe ons by die laaiblad opdaag.



Ek trek weer rang en order die korporaal om voor die vliegtuig se neus te stop sodat die “Fokker” nie kan opstyg nie.

Ek sien die grondtegnikus praat nog met die Kaptein op die vliegtuig, want sy kopstuk en mikrofoon se draad is ingeprop by die vliegtuig.

Ek stap haastig na hom en verduidelik so tussen die geraas van die motore deur wat my probleem is. Hy praat met die Kaptein op die vliegtuig en ek hoor hy sê vir die Kaptein dat die “Kolonel” se koffer op die vliegtuig agtergebly het, dat die “Kolonel” Safair se vliegtuig se laaimeester verantwoordelik hou en dat die “Kolonel” sy goed soek.

“..Safair se vlugpersoneel groet half moerig,..”

En meteens hoor ek hoe die motore stiller raas en almal afgesit word. Die agterklap was ook laat sak terwyl die motore nog geloop het. Die Kaptein klim af en stap na my toe. Hy dra die uniform van Safair se vlugpersoneel en groet half moerig, maar tog vriendelik, “Goeie môre Kolonel Heyns” (my naam op op die lappie bokant my regter hemsak) en verduidelik dat “hierdie gesukkel met die koffer minstens R6,000 aan verlore tyd kos!”

Alhoewel ek baie gevlei kon voel oor my “kitsbevordering”, weet ek nie waar ek my kop moet indruk oor die verkeerde rangbenaming nie. Ek besef skielik dat die misverstand oor my rang waarskynlik veroorsaak was omdat ek drie van die ou tipe lap sterre op my nutria uniform se skouer rangkentekens gehad het terwyl ‘n kolonel ook drie goed op syne het, maar een naaste aan jou nek is baie duidelik ‘n kasteel en die ander twee is sterre. drie lapsterre was ook bietjie uitgerafel van klerewas en miskien was die grondtegnikus van Safair nie ‘n militêre man nie. Die gevolg was dat my rang verkeerd aan die Kaptein berig was deur die burgerlike tegnikus van Safair.

Die Kaptein van Safair stap nuuskierig saam met my en die korporaal om die koffer te herwin en ek besef skielik hier kom nou baie groot k#k as die Kaptein koffertjie sien! Ek verduidelik vinnig en ongevraagd (om “versagtende omstandighede” te soek) aan die Kaptein dat ek ‘n Burgermag lid in die Geniekorps is, vir Waterwese in Wamboland werk en ‘n siviele ingenieur is. Ons kom by die laaiklap en die ou koffertjie is styf in die net vasgetrek, maar daar staan lewensgroot op die deksel “**KAPTEIN HEYNS**”!

Die Safair Kaptein sien dit, kyk my so skeef aan en sê: “Jou bliksem!!

Ons stop gewoonlik nie ons vliegtuig vir ‘n kapteintjie nie!”



die
My

my



Spreekkamer-Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe




In die Chirurgiese Afdeling van die Wilhelmina Hospitaal in Amsterdam moet die dood van 'n pasiënt eers deur die kliniese assistent op diens bevestig word voordat die pasiënt uitgelê kan word.

So moes dr. Koch een nag opstaan om hierdie taak te verrig. In die vroeë oggendure word hy weer gebel: “Ons kry nie die pasiënt se tande in die mond in nie.”

Vies staan hy op, trek 'n wit jas oor sy nagklere aan en gaan na die dodehuis om te gaan help.

Op die saalronde die oggend sê die pasiënt in die bed langs dié van die gestorwene, met 'n haasbek: “Dit gaan goed, dokter – maar ek kry my tande nêrens nie.”

Inderhaas is Koch weer terug na die dodehuis toe, waar hy die tande uit die dooie se mond haal en afspoel, voor hy hulle plegtig aan die regmatige eienaar gaan oorhandig.



Die Ierse ortopeed prof. Paddy Bell het na sy aanstelling as professor by Tygerberg Hospitaal mooi leer Afrikaans praat. By geleentheid het hy glo die volgende advies aan 'n dame met 'n klagte van rugpyn gegee: “Mevrou, u moet veral snags slaap op 'n stywe matroos.”

'n Vlaamse insig in ons Afrikaner Kultuur.

Linda Kestens vertel hoe die dinge wat ons doen, gelyk het vir 'n inkommer uit België.

Sypaadjiepraatjies



Ek en Glenda het mekaar leer ken by die voorgeboorteklas van haar eersteling van drie en my eerste en enigste.

Sy het my toe vertel sy is getroud met Dr. Gerhard de Kock. Hulle het mekaar leer ken op Potchefstroom waar sy gekwalifiseer het as intensiewesorg suster en hy as algemene praktisyn. Glenda praat vinnig, loop vinnig en as sy lag is dit eerlik en uitbundig.

Lag is gesond. Sy is 'n tipiese voorbeeld van, " 'n vrolike mens is 'n gesonde mens. "

Ek het by haar geleer om 'n situasie van twee kante te sien en om dankbaar te wees vir wat ons het.

Die laaste jare in Lydenburg moes ons met groot irritasie gewoon daaraan raak wanneer ons winkels of poskantoor toegaan dat die sypaadjies beset was met oumas en hul kleinkinders wat groente en vrugte smous. Glenda het my eendag daarop attent gemaak, dat ons families so bevoorreg is dat ons mammas nie nodig het om heeldag in die bloedige son te sit nie, en dit net vir 'n paar Randjies. Sy het die gewoonte gehad, voor sy die winkels instap, om op die sypaadjie te bly staan, te vra na die "gogos" se welstand, bevele en raad uit te deel, gesê dat die kleintjies meer in die skadu moet sit en hulle genoeg water moet drink om nie te dehidreer nie, sy het ook gevra of die kleingoed se inentings op datum is en wanneer hulle laaste kliniekbesoek was. Net soos dit 'n goeie suster betaam !

Daarna het sy gevra. "Hou vir my daai pakkie uie, tamaties, mango's en avokado's, ek sal dit later kom kry en betaal as my ander inkopies klaar is." Met 'n gepaardgaande antwoord van die gogos. "Reg nonna, ons sal die mooistes uithou, sien nonna nou nou."

Van toe af het ek ook my uie, tamaties en vrugte op die sypaadjie gekoop.

My eerste huisdokter was Dr. Jesaaias de Kock wat gebly het 'n paar huise bokant ons.

Hy is 'n stil man met 'n bietjie van 'n eksentrieke streep. Party dae het hy met sy motorfiets spreekkamer toe gery, dit is dan wanneer ek hom soms sien staan het op Voortrekkerstraat se sypaadjie, langs sy Moto Guzzi 1980 model motorfiets besig om te klets met 'n man of twee, terwyl hy met stetoskoop in hand na elkeen se hartklop luister, seker om te kyk of alles nog klopdisseelboom loop.



"...as ek 'n bikini-snit verkies,..."

Op die einde van my swangerskap het ek Dr. gevra, ingeval ek 'n keisersnee sou nodig hê of hy 'n bikini-snit wil doen in plaats van die algemene vertikale snit. Hy het toe die verskil tussen die twee prosedures mooi aan my verduidelik, en gesê dat as ek 'n bikini-snit verkies, hy dit vir my sal doen. By die keisersneegeboorte het ou Dr. de Kock die operasie uitgevoer en jong Dr. de Kock die narkose gedoen. Dit was 'n groot sukses en ook Dr. de Kock se eerste bikini-snit.

Ek kon nog 'n hele paar jaar daarna met gemak my bikini dra.

Onthou, dit was nog die dae toe ons kleindorphospitale wêreldklas was en ons huisdokters ook snydokters was.

PS. Geluk met jou verjaarsdag op 12 Januarie Glenda, liefde en groete vir die hele de Kock familie.

Linda.

Boemerang Boertjie



Ray Theron skryf van daar doer onder

Bent gj Bedinges!

Ek is nou net meer as maand langer as neëntien jaar lank hier op die amper einde van die beskawing (net Kiwiland is nader aan die rand), en in dié tyd het baie gebeur wat my laat lag, laat snork of laat grom het. Of sommer net laat kopkrap het.

Toe ek nog in Melbourne in die Demokratiese Republiek van Victoria gewoon het, het ek elke Saterdag of Sondag my kamera gegryp en die wêreld ingevaar om te verken en te fotografeer. Het mos destyds nog 'n foto-webwerf gehad. In ieder geval, so beland ek mos eendag in 'n gehuggie genaamd Maldon, so 145 km noordwes van die stad. Daar is 'n herskepping van hoe 'n delwersdorp in die 19de eeu sou gelyk het. Ná die fotonemery het ek toe mos 'n dors aan my, en ek stap die plek se enigste kroegie binne.

Dit was net na twee op 'n warm somermiddag (so 35°C, wat hulle as 'n hittegolf beskou) en die plek was koel en daar was net genoeg lig sodat die ou klante mekaar kon sien. Toe ek instap, val daar 'n stilte soos treintrok vol ystererts oor die vertrek, en al sewe koppe (ses drinkers en die kroegman s'n) swiep in my rigting. Ek stap toonbank toe, en die veertien oë volg my soos radarskottels. Ek kyk die kroegman aan, en hy kyk my aan, sy ogies klein in die ronde gesig bó sy ses kenne.

“ Dié "bier" is 'n kopseer en maagwerk in 'n bottel.”

Het jy Cascade bier, vra ek. Hy skud sy kop. Wat van James Boag's? Kopskud wat wange waggel.

Toohey's? Nee, net 'n kop wat sy kenne skud. Wat het jy? Victoria Bitter. Ek sug. Dié "bier" is 'n kopseer en maagwerk in 'n bottel. Aikona, nie vir my nie.

Die radarskottels is nog steeds op my vasgenaël. Wat nou gemaak?

OK, 'n yskoue Coke, dan, en 'n dubbel rum. Het nie rum nie, vertel die wange my. Ag, vadertjie tog! OK, net 'n Coke dan.

Dié kom op die toonbank aan, verbasend koud. Mense hier drink nie daai goed nie, flapper die lippe tussen die waggelwange. Dis hoekom dit so lekker koud is; lê seker al maande lank in die yskas.

Ek drink my koeldrank, betaal en stap uit. Tussen die oopmaak van die deur en sy toeklap, hoor ek 'n almagtige gedruis soos die kroegknape weer begin klets.

'n Jaar of drie later staan en gesels ek met Bino da Silva, wat 'n Saffawinkel in Melbourne oopgemaak het. So in die gesels, sien ek 'n mater instap. 'n Mens kon sommer sien die kêrel is nie Suid-Afrikaans nie; hy lyk eerder soos 'n nagemaaakte kruising tussen Crocodile Dundee, Shane Warne of Steve Irwin. Praat ook nes hulle in wat hier 'n "ocker" aksent genoem word.

Crocodile Irwin Warne vra of ons "African" praat. Nee, ons praat Afrikaans. Is dit nie net 'n ander naam vir "African" nie? Nee.

Maar julle is van Afrika, dus moet julle mos "African" praat. Bino en ek kyk mekaar oorstelp aan. Wat nou?

Nee, sê ek, ons is van Suid-Afrika. Waar's dit? Aan die suidpunt van Afrika. Maar dan is julle mos "Africans"! Kyk, begin ek in my onderwyserstem, jy weet waar Duitsland is, nè? Ja, in Europa. Okei, wat praat die mense in Duitsland? Duits. Mooi, ou seun, hulle praat Duits, nie Europees nie!

Mugu skud sy kop. Is nie dieselfde nie, want Europa is 'n vasteland en Afrika is 'n land! Bino slaan oor in Portugees, "fode-se!" (f** dit!) en stap weg. Ek staan maar net oopbek.

Ek vind toe later uit hy kom van die noorde van Suid-Australië en het net die ekwivalent van standaard agt en was nog nooit buite die land nie. Iets wat ek metterwoon geleer het vir baie Oslanders geld, vandaar hul volslae insulariteit. En hul onderwysstelsel is ook nie juis wyd in omvang nie. Vandaar die geskiedenisjuffertjie wat vir haar klas vertel het die Eerste Wêreldoorlog het in 1919 geëindig.

Bent gj bedinges?!



KAMMAWÊRELD

Kwantummeganika en Ander Spookstories: 'n Groeiende Spesmaas

deur Maryna Blomerus



Die eerste en die 128ste keer dat jy oor kwantummeganika lees

Kwantummeganika knoop 'n mens se brein. Hoe beter jy dit verstaan, hoe meer verwar dit jou. Kom ons kyk na 'n paar van die berugte kwantumvreemdhedes en hoe hulle moontlik op 'n gesimuleerde heelal dui.

'n Groot niks

'n Ding met massa en volume word rudimentêr as materie bestempel. Materie bestaan uit atome. Elke atoom het 'n kern, omring deur elektrone. As die kern van die gemiddelde atoom die grootte van 'n grondboontjie was, sou die hele atoom ongeveer die grootte van 'n voetbalstadion wees. Hierdie ruimte is tjok-en-blok gevul met verspreide elektrone ('n elektronwolk) wat die krimp van atome onmoontlik maak. 'n Elektron materialiseer slegs as dit waargeneem word. Ten alle ander tye bestaan dit bloot as 'n waarskynlikheidswolk van waar die elektron die volgende keer kan wees as dit waargeneem sou word.

Die ganse mensdom – al 7.8 miljard mense van ons – kan saamgepers word tot die grootte van 'n soliede suikerblokkie en dit omdat atome uit 99.9999999999996% leë ruimte bestaan, 'n niksheid propvol waarskynlikheid.

Bewegende stilbeelde, soos raampies van 'n filmstrook

Energie is diskreet en nie ononderbroke nie. Neem 'n atoom. Die energievlakke waarbinne 'n elektron kan voorkom, is gekwantifiseer: sekere wentelbane word toegelaat en ander nie. Niks tussenin nie. 'n Elektron kan wel van een na 'n ander baan spring, maar sonder dat dit OOI deur die tussenliggende ruimte beweeg. Dit is 'n kwantumsprong. Die een oomblik hier, die volgende oomblik daar.

Dieselfde geld vir die spin van fundamentele deeltjies. Anders as 'n bal wat gegooi word, verander die spin van 'n elektron nooit, en dit het slegs twee moontlike oriëntasies: die sogenaamde OP en AF. Dit of dat en niks tussen-in nie.

Twee baie prominente teorieë in fisika, superstringteorie en die minder bekende lus-kwantum-swaartekrag, dui beide sterk daarop dat selfs ruimtetyd 'n kleinste argitektuur het, die piepklein Planck-lengte ($1.61622837 \times 10^{-35}$ m). Planck -tyd (5.39×10^{-44} s) is die tyd wat dit 'n foton met die spoed van lig neem om 'n Planck-lengte af te lê.

Selfs 'n liggolff bestaan uit individuele fotone. Uit hierdie onverwagte ontdekking het die kwantumveldteorie ontstaan, waarin alle kragte gedra word deur klein deeltjies, of kwantas - alles, behalwe swaartekrag. Alhoewel die ander kragte binne 'n ruimte- en tydarena werk, is swaartekrag ruimte-tyd. Die kwantisering van die een is gelykstaande aan die kwantisering van die ander.

Die eendersheid van fundamentele deeltjies

Elke elektron is identies aan elke ander elektron. Almal het dieselfde massa, elektriese lading en spin. Ander ononderskeibare subatomiese deeltjies sluit in fotone, neutrino's, protone, neutrone... inderdaad die meeste deeltjies.

In 1940 het fisikus John Wheeler 'n teorie bedink om te verduidelik waarom elektrone so absoluut identies is. Volgens hom is dit omdat alle elektrone eintlik dieselfde elektron is. Richard Feynman het hierdie interpretasie in 1949 vir die positron gebruik toe hy voorgestel het dat 'n positron daardie elektron is wat agteruit in tyd beweeg.

Die nie-lokalisering / verstrengeling van inligting

Die lokaliteitsbeginsel bepaal dat 'n voorwerp slegs direk deur sy onmiddellike omgewing geïmpakkeer kan word. As dit nie iets direk soos 'n hou op die neus is nie, kan 'n aksie op een punt net 'n invloed elders uitoefen indien daar iets tussenliggend is – soos 'n veld – wat die aksie bemiddel, gedra deur iets soos 'n golf of 'n deeltjie. Spesiale relativiteit beperk die snelheid van alle beweging tot die spoed van lig. Dit neem tyd om deur die tussenliggende ruimte te beweeg en oombliklike aksie-en-reaksie is in beginsel dus onmoontlik.

Dit is egter eksperimenteel bewys (en oor en oor bewys), dat twee deeltjies, as hulle dieselfde oorsprong het, of eenmaal verstrengel was en daarna geskei is, sal optree asof hulle nog steeds een stelsel is. As jy die een hier kielie, sal die ander een oombliklik lag, selfs al is dit aan die ander kant van die heelal. Die fisiese afstand tussen die twee stelsels speel geen rol nie. Daar is geen tyd tussen aksie en reaksie nie. Vir Einstein was die hele besigheid 'n onheilige kettery.

Die oppergesag van wiskunde


Natuurwette bestaan onafhanklik van ons. Hulle dikteer met absolute presisie hoe materie optree, maar self is hulle is nie-materieel. Dit blyk asof natuurwette in 'n abstrakte plek buite tyd en ruimte bestaan.

Wiskunde gaan bevestigende eksperimente dikwels vooraf. Die fisikus-skrywer, Nick Herbert, stel dit so: "Wat die wiskunde ookal op papier doen, word deur die kwantumgoed daarbuite gena-aap. Dit is asof die heelal die produk van wiskundige formules is."

So?

In 'n gesimuleerde heelal met rekenaardata eerder as materie, sal bogenoemde eienaardighede te wagte wees. Data sal slegs materialiseer wanneer dit opgeroep word op 'n raakvlak (skerm), wel as gepeekseleerde (diskrete) beelde wat die illusie van apartheid en ruimtetyd skep, maar eintlik onderlê word deur wiskundige algoritmes met 'n meester-algoritme vir elke fundamentele deeltjie sodat alle elektrone, byvoorbeeld, inderdaad dieselfde elektron is.

Wat wag daar nog dieper in die haasgat? Tot volgende keer.



Agteros -kort voor slaapyd

NUWEJAAR OP STRANDFONTEIN

Andre Dippenaar: September 2008 - Vredenburg

Ter inleiding wil ek net vinnig ietsie vertel van Jats. Nou die dag ry ek en Kamermaatjie weer na baie jare deur Vredenburg op pad Shelly Point toe. Ons onthou toe vir Andre Dippenaar wat destyds as afgetrede landdros, (vandaar die bynaam Jats) vir Kammanuus 'n hele reeks kostelike stories geskryf het. Hier volg die eerste een wat hy daardie tyd ingestuur het. Hoop dis vir jou net so lekker as wat vir my was om dit weer te lees. Indien dit in jou smaak val, laat weet tog, dan kan ek weer 'n paar van sy juweeltjies hier plaas. – Hennie.

My oorle oompie Doors – Doors Hangbal was sy bynaam – oorle Pa se halfbroer, het my hierdie ene vertel. Glo my, hy was 'n verteller van formaat. Soos hulle in Namakwaland loop staan en sê, meester bo-bo meester. Was oompie Doors.



Ek loop en wonder nou nog waarom die ou mense altyd vir almal byname moes loop staan en gee. So amper asof hulle bang was hulle sou met die spulletjie staan en deurmekaar raak. Oompie Doors syne het my jare aan die raai gehad, maar daai's 'n storie vir 'n ander dag.

Oorle oompie Doors, soos ek gesê het, was oorle Pa se halfbroer. Nou moet julle nie loop staan en dink oorle Oupa Hennerik het loop en wilde hawer saai net waar hy gekom het nie. Was 'n kerkman. Het nie eens daaraan gedink om die eg effe te buig – laat staan nog van breek – toe die engele sy buurman een nag in sy slaap deur die Goue Hekke gedra het nie. Al het daai weduwee met die vol spanspekboesem, perdebylyfie en lekker wegstap soos 'n polisieperd hom male sonder tal erg getempteer! Tuiemaker was hy, maar egbreker? Aikôna!

Nee, oorle oompie Doors was 'n halfbroer oorlat Oupa 'n tweede vrou gevat het nadat eerste Ouma by die buurman anderkant die Goue Hekke aangesluit het. 1918 se Groot Griep het haar kom vat, so word vertel.

Ewenwel, nou loop dwaal ek af van die storie af.

Op 'n mooi dag, so vertel oorle oompie Doors, besluit Oupa Hennerik om bietjie die spannetjie Strandfontein toe te vat vir Nuwejaar. Nou moet julle weet, daai dae was dit nie somer vir inklim en ry see toe nie. Eselwa met steeks esels start jy nie somer op en kom daai einste middag weer terug nie. Amper soos die Sondvloed. Maklik 40 dae en 40 nagte se ry van Bitterfontein af en terug, vertel oorle oompie Doors.

Die dag voor Oujaar, dag voor doubreek, is waentjie gepak. Elf spruite, oorle Ouma en Oupa, Karools die navigator, voerjoggie en koudleier inkluis. En eetgoed. Dis hardgekookte eiers, skuinskoek, boerbeskuit, gedroogte boerbokblad, steenbokbiltong, turksvye, gemmerbier, lemoenstroop, hertzoggies, plaatkoek, tuisgebakte soetsuurdeegbrode, koeksisters, Wilson toffies, suurklontjies, appelkoosjam, plaasbotter, blik vol FG koffie, bruinsuiker, boermeel, mieliemeel, die hele spens amper kaal gestroop.

En kooigoed, tente, seile, riempiestoele, ysterkatel vir die oumense, watervaatjie, noodhulpkissie, hooi vir die esels. Lyk skoon soos Isaac Brodofsky- die Jood – se smouswa. Kort net die hoeners in 'n fuik. Vertel oorle oompie Doors.

"Het ek gesê melk ook?" val Oompie himself innie rede. "Dan't ek gelieg. Melk loop staan en raak mos suur. Suur bokmelk is so bleddie sleg lat jy dit nie eens vir 'n kind van agteraf met 'n enema kan inkry nie. Nee, oorle Oupa het geglo in vars melk byrie koffie. Daai einste tyd laai Oupa sommer 'n grootuier bokkooi saam met die kinnners op wa. 'Vars vannie pram af' was oorle Oupa se leuse" gaan die ou voort.

So sit en wonder ek by myself hoe so 'n TV advertensie in nou se dae sou gelyk het. "Vars van die pram af" Sou seker 'n 18[SVLN] beperking gehad het, droom ek stillettjies.

En so, vervat oompie Doors, lat Ouma die kleinspul sing. Hele pad. G'n niks se draadloos en bandspeler aan boord nie. Sing die kinnertjies "Sien jy hierie pennie, ek het dit gebring. Vir die heidenkinnners ennie senneling" en "Laat ons skyn..." Kèrklike mense op die wa.

Dan loop staan en trek Oupa af. Koudleier top die eselenjin op met bietjie water. Ketel af. Klein vuurtjie met dun houtjies. Kooltjie in die ketel om die koffiemoer te laat sak. Pram Oupa sommer direk bietjie melk skuim-skuim in koffiebeker. Stop kromsteel met "Donker Transvaal". Suie aan pyp en tuur doer ver in verste vertes in. Man van min woorde.

"Haak op!" Eselenjin skop in. Eerste eselsrat. Glip sommer verby tweede en derde en draf klop-klop in overdrive aan. Ry die spannetjie sit-sit so.

Daai eerste aand, vertel oompie Doors, loop maak hulle staning deuskant Koekenaap. Sommer so onder die Liewen Heer se sterregenade. Boerbeskuit, bokmelk en koffie vir aandete. Vat Oupa Boeke. Dra almal aan die Liewen Heer op. Regering, opposisie, poeliesmanne, Lutzville se waterfiskaal, Klawer se skutmeester, dominee en sy span hemelhingste op die eerwaarde kerkraad, weduwees en weeskinders, siekes, blindes, dowes, minnerbevooregtes, treindrywers, naaste familie, Ouma en die hele kroos by die naam, Karools die koudleier, die eseltjies en selfs die Koningin van Engeland loop hark hy nader vir genade en gesondheid. Vra vir bewaring teen gifgoed, steekgoed, balbyters, vlermuise en al wat bouse is en lat Strandfontein se branders gekalmeer sal wees ter wille van ons kinnertjies se veiligheid en plesier. Sê ek mos, kèrk-mense dié. Vertel oompie Doors.

"Ou swaer", noem almal ou swaer as hy eers op stryk is. Selfs Kammieskroon se Roomse priester noem hy so as die storie eers koersvat, "ou swaer, daai aand voel dit vir ons kinders kompleet of daar net 'n halfuur se slaap tussen Oupa se 'amen' en 'haak op!' was. Sweer Oupa het driekwart van die Liewen Heer se genade in een slag opgesoebat"

Oujaarsdag, skuins na laatmiddag se kant, troep die ou spullettjie Strandfontein binne. Grondvat en kampmaak sommer so in een sooi. Net die kruip-kleintjies sit nie hand by nie. "Ou swaer, voorlat jy kan sê "pietsnot", toe's daai kamp staangemaak. Alles in reguit lyne. Amper soos Norval's Pont se konsentrasiekampgrafte."

Toe die son gaan platval agter die laaste deinings, sit spannetjie rondom 'n staanvuur en pak ietsie weg vir môre se speel en swem en kwaaddoenery. Vat oupa weer Boeke en vervat hy waar hy laas opgehou genadesmeek en dankiesê het. Weer die hele rympte van voor af oor, maar hierdie keer las hy darem beskerming teen bloublasies ook by.

Volgende oggend na brekvis streep die span af water se kant toe. Soos 'n trop skape in droogtetyd agter 'n mielietrog aan.

"Nou moet jy mooi verstaan", so vertel oompie Doors, "daai tyd was ons árm. Ons seunskinnners swem sommer in onderbroeke en die meisiekinners in bloemers en frokkies om die ergste skaamte te bedek." Ouma swem glad nie. Loop en sammajoor op en af teen die see om te kyk lat die spul nie versuip nie en tel kort-kort koppe.

Ouma was ook danig oor sonbrand en sonsteek. Almal is gekappie en gehoed Ook smeermiddel aangemaak en saamgebring. Glo 'n konkoksie van bokvet, gliserien, Dubin en 'n skeut "Au de

Cologne' vir die lekker ruik. "Taai, ou swaer, taai", vertel oompie Doors. "Taaier as kinkhoessnot, maar smeer moes ons vir ons laat smeer!"

Dink ek so by myselwers. In ons tyd sou die apteke seker daai dikte room as "Faktor 60" bemark het. Gewaarborg soos sonsverduistering teen sonbrand.

Weet Ouma te vertel dis van sonner smeergoed in die son lê lat meeste van Bont Frikkie Vyevelei se kinnars kompleet lyk of iemand hulle met 'n bol st...t gegooi en hulle agter 'n sif gekoes het. Besproet soos roes. G'n kind van haar gaan tarentaalbont hierdie lewe in nie. Smeer daai spannetjie lat hulle lyk soos 'n spul ratels wat in willeheuning loop staan en rol het.

Oupa Hennerik, so vertel oompie Doors, was 'n beginselvaste kerkmens wat nêrens onbetaamlik gekleed sal verskyn nie. In onnerbroek sal g'n mens hom sien nie. Nie eens Ouma het op hulle huweliksnag nie, weet hy te loop vertelle. So maak Ouma vir hom 'n propperse swembroek van 'n gebleikte meelsak.

Nou's die ou vlakwater toe, Loop met sy meelsakbroekie, wyerandhoed en velskoene die water in. Dik gesmeer met Dublin konkoksie. Oompie Doors sê toe Ouma hom aanpraat oor die skoene in die water, weet Oupa te sê daar waar hy groot geword het, is hy van kleinsaf geleer waar water is, is daar duwweltjies. Loop hy g'n stuk niks kaalvoet nie!

Na 'n vinnige kniediep besoek aan die water loop lê Oupa glo in die son. Op sy maag. Weier om naeltjekant ook son te gee. Ouma praat hom aan. Glo iets gesê van blase brand bokant sy stuitjie en op sy kuite. Raak Oupa glo so bemoerd soos 'n oogpister agter 'n glasruit. "Vrou", seg die ou. Noem haar blykbaar so as hy rêrig die hel in loop staan en word. Anders, so loop en vertel oompie Doors, noem hy haar glo liefderyk 'Mamma'. "Vrou, ek gee nou nie om vir die 'Bokomo' op die broekgat nie, maar oor daai 'selfraising' oppie voorkant laat ek my deur g'n mens bespotlik maak nie"

Lê die ou vir die res van die dag net so – maagkant sand toe!

So kry kindertjies vrye teuels oor die eetgoed. Vra nie. Vat net. Koek kort-kort by die kostent saam soos brommers om 'n drol. Kwyl-kwyl met bollekieste hol hulle rond. Dit kou en speel en gil dat hoor en sien vergaan.

Tewisie en Servaas loop sit en rook glad en geheel en al donkiedrolle in 'n rietpyp agter een van die rotse. Staar soos Oupa oor die wye dam. Weet mos die ou gaan nie roer nie!

"Ou swaer, sowat van vreet het jy in jou dag des lewens nog nie gesien nie. Erger as die spul Israeliete daai oggend toe dit vir eerste keer manna gereën het. Slaan ons klompie Coetzee kindertjies niks oor nie – amper soos 'n ou plaasbul wat gehoor het hy gaan volgende week slagpale toe"

Oompie Doors reken mens moet ook nie die Liewen Heer se genade en beskerming te ver probeer rek nie. Reken hy al daai lang afsmekinge van Oupa moes óf die Liewe Vader se genadekas volgepak het óf vir Hom so deurmekaar staan en maak het dat Hy skoon loop vergeet het om hulle teen oordadige turksvyvretery te beskerm.

Skemeraand slaan die turksvysatan met mag en mening toe. Klein Sorsie se kanale so toe soos 'n kroepbors. Probeer Ouma al wat 'n raat is uit die medisynetrommeltjie. Dis kasterolie, rooilaventel, groen amara, versterkdruppels, helmeskrui, witdulsies, kanferolie, wille-als, fyngekapte aalwynblare, boegoebrandewyn, turlington. Noem jy maar op. Sorsie bly so toe soos 'n bottelstoor op Sondag. Niks gemaak nie. Loop en beur krom, soos 'n os onder 'n juk, teen hierdie verstopping In.

Later vat Ouma-goed hom strand toe. Laat spring hom paar keer van 'n hoë rots af. Sit turksvy vas soos kakiebos aan 'n poeliesman se jas. So, vertel oompie Doors, is al raad wat later mos oorbly - Geloof. Is mos kerkmense. Besluit Oupa hierdie is 'n saak van gebed. So is hy, Ouma en Sorsie in die slaaptent in. Staan al die ander kindertjies buite en luister. Sê Oupa al wat gaan help is dat Sorsman nou ernstig moet bid vir verlossing. So huil Sorsie dat hy nie weet wat om te bid nie.

Sê Oupa Hennerik, "Sorsman, bid agter Pa aan my kind" Luister oorle pa en oompie Doors en al die Coetzeetjies hoe die twee nou redding gaan afsmeek.

Oupa: "Onse Vader"

Sorsie: "Onse Vaderrrrrrrr" Druk Sorsie

Oupa; "Wat in die hemel"

Sorsie: "Wat in die heeemellll" Druk Sorsie

So sukkel die twee gelowig aan tot by "Aaamêêêêên" Sorsie sopnat gesweet van druk en bid.

Oompie Doors sê hy weet nou nog nie of dit gebedsverhoring of plein benoudgeid was nie, maar hier teen vroegmôre toe Oupa vir Ouma sê om vir Sorsie hol-om-hoog vas te hou en hy staan met 'n stuk bloudraad nader wat voor so 'n kromte gebuig was, toe turksy Sorsman sommer vanself sulke bôe. Sweer oompie Doors hoog en laag. Het self van daai turksy strepe afgetree. Die korste een was vier en die langste een veertien treë!!

G'n wonder almal het daarna, tot sy dood toe, van Spuitsors gepraat nie!

En so breek tweede nuwejaar aan. Huistoegaantyd.

Met die min slaap is Oupa so bemoerd soos 'n graatjie wat jy met 'n laphoed geslaan het. Smyt sommer van die kleingoed tussen die halfgevrete hooibale agter op die waentjie. Laat val die familiebybel in die sand, maar is nou so kerkloos bevoeterd dat hy nie eens moeite doen om die Groot Boek af te stof nie. Gooi dit sommer saam met die oorskiet skuinskoek en mieliemeel in dieselfde sak.

Nou't moeilikheid mos 'n manier om meer moeilikheid te loop en bymekaarmaak vertel oompie Doors. Spoel Oupa se ongedurigheid oor na die haaragter esel, Vaaljas. Steeks. Slaan die donkiebloed mos deur soos kleur by Oom Swartwillem Smit se kindertjies.

Wonder hy waarom die oom nou eintlik Swartwillem genoem was. Dis mos net die antie wat so effe 'n moerkoffie -met -te -min -melk -in kleur gehad het. En dan nou die span Smitjies. Nie een van hulle kon middelpaadjie kam nie. Plat krulhaartjies soos 'n pasgebore karakoellam.

So, borduur oompie Doors voort, wil daai Vaaljas nie 'n dêm stil in die tuie kom staan nie. Vererg Oupa hom nog verder in 'n halwe stuiptrekking in en klap die stomme muil met die plathand teen die kop.

Oupa Hennerik het hoeka twee hanne soos wangrawe gehad. Vingers soos trosse piesangs. Vou daai klap amper driekeer om die stomme esel se kop.

Oompie Doors vertel dat daai slag drie keer harder was as daai keer toe oorle oom Blinnewillem Brits met sy model T teen die trein vasgery het op die levelcrossing tussen Nuwerus en Bitterfontein. Enigste verskil is net oom Blinnewillem het nooit kans gehad om weer op te staan en die skade te meet nie. Saam met sy Fordjie moerlandspan toe. Antie het oorleef. Kon daarna nooit weer praat nie. Seker van die skok. Het net elke keer soos 'n trein gefluit as mens haar groet. Vertel oom Doors mos.

Vaaljas was gelukkiger. Oompie Doors sê toe daai skoot klap, maak die esel 'n geluid amper soos 'n meisiekind maak as 'n jongetjie vir die eerste keer hoër as haar knie vat. So 'n kruising tussen giggel en 'n bedeesde gil. Los hy so 'n lang, hartseer en verwese eselpoep en sak daar langs die disselboom inmekaar. Soos 'n sak nat Voorpote bymekaar. Amper asof in gebed.

Kos vir Ouma vlugsout met haar voorskootpunte in sy gesperde neusgate opdruk. Help Karools hom dronk-dronk op sy pote in die tuig in.

"Klim!" skrou Oupa en toe die laaste verskrikte kleintjie se gat vloervat in die waentjie, toe smeer die ou amper twee melkbekers terpentyn met 'n kakiesakdoek in die stomme esel se kloof op. Staan daai waentjie op sy agterwiele soos daai spul inskop daar voor. Vaaljas bulk hees en hol amper bo-oor die esel voor hom in die tuig. Val vyf uit die kroos van elf van die wa af.

Oompie Doors sê hulle het eers weer die wa kort duskant Lutzville ingehol. Was dit nie dat esels water moes vat nie, het hulle spannetjie seker nou nog gehol.

Laatnag het Oupa eers weer afgetrek. Kindertjie se eetlus weggeskrik. Esels se asempies fluit soos 'n klomp stoomenjins in Soutrivier se treinwerf. Laaf Karools hulle met bietjie water. Snuif-snuif net so aan die voer en loer na Oupa se kant toe. Lyk amper of hulle koes-koes water drink. Stomme goed.

Stoot toe sommer weer aan. Vertel oorle oompie Doors. Toe hulle laatmiddag die plaaswerf intrek, haal Oupa die Groot Boek uit. Kèrkemense. Lees Psalm 23. Praat weer met die Liewen Heer. Sê dankie vir gespaarde lewens, sê dankie vir die lekker weer by die see, sê dankie vir bewaring teen al wat boos en gifding is, sê dankie dat Spuitsorsie se kanale na normaal bekeer is, sê dankie dat Vaaljas se lewe gespaar gebly het, sê dankie dat Vaaljas nie die ander wang ook gedraai het nie, sê askies oorlat hy hom so hard geklap het, dra weer die regering en die hele boksemdaais aan die Liewen Heer op en smee vir 'n lekseeltjie reën op hierdie dorre, droë vlaktes van Klipfontein. Om Sy naamswil en met danksegging.

Toe Oupa sê "Amen" vertel oompie Doors, toe sak die son net mooi agter die koppies weg.


"Ons kan môre so lank leef afpak. Maak lat julle in die huis kom dat ons kan boekevat en gaan lê" sê die ou.

KAMMANUUS VERSKYN WEER IN FEBRUARIE

KAMMANUUS KINDERFONDS 2022

ONS MIKPUNT: R20,000 teen Kersfees

DANKIE AAN AL
DIE NUWE
SKENKERS
JULLE BYDRAES
MAAK AL
KLAAR 'n REUSE
VERSKIL!



Betaal jou gereelde skenking oor aan:

HJ Greeff - FNB Spaarrekening
60379199926
Tak Kode: 200 412

SWIFT: FIRZAJJ

Hoofstraat 84 Hermanus 7201

Merk betalings HULPFONDS